

handwerk

Afmetings

140 x 220 cm

Benodigdhede

1,35 m liggrys wolmateriaal

(140 cm breed)

1,55 m donkergrys wolmateriaal (140 cm breed)

0,25 m geruite grys wolmateriaal (140 cm breed)

0,15 m klein geruite dun materiaal (140 cm breed)

DMC-tapisseriewol in:

Swart 310

Ecru (donkerroom)

Beige 7746

borduurnaald

stewige papier

materiaaldeurslagpapier

materiaalpotlood

Aanwysings

1. Knip. Knip 21 x 21 cm-vierkante uit die wolmateriaal: 6 uit die geruite wolmateriaal, 38 uit die donkergrys wolmateriaal en 33 uit die liggrys wolmateriaal. Knip sewe 14 x 14 cm-vierkante uit die geruite dun materiaal.

2. Stik. Werk die wollappies rondom af met sigsagsteek en die geruite dun materiaal 'n $\frac{1}{2}$ cm van die kant. Rafel die dun materiaal uit tot teen die sigsagsteek.

3. Borduur. Ryg die 7 geruite dun lappies met swart rygsteke in die middel van 7 liggrys vierkante vas. Trek die borduurmotiewe op stewige papier af. Knip die swart vlakke en lyne uit. Knip die blom, sirkel en ster langs die buitelyn uit. Volg die diagram en teken die patrone op die vierkante met materiaalpotlood af. Die spirale kom op die donkergrys vierkante, die sterre op die klein geruite vierkante en volg die diagram vir die res van die patrone. Borduur die spirale met rygsteek in beige. Borduur die res van die motiewe in swart - die lyne met agtersteek (stiksteek), die stippellyne in die ster met rygsteek en vul die vlakke in met satynsteek. Borduur gegewe lappies (sien diagram) met ecru rygsteke - 13 x 13 cm vierkante rondom die motiewe.

Afwerking

Lê die wollappies volgens die diagram op die vloer of tafel uit. Werk die lappies $\frac{1}{2}$ cm van die kante met swart rygsteke aanme-kaar vas met nate na bo (aan die regte kant). Werk die buiterand met groot komberssteke vas. □

foto Libelle; saamgestel deur Linda vander Spuy


Maak in 'n japtrap vir jou dié kombers met sy interessante motiewe om onder te dagdroom

Dromend



deur die lewe

Dromend deur die lewe



Borduurmotiewe vir kopers

